Laurika 'n ware meester

Nie-ernstige musiek: *Laurika: Balkon*. Met Laurika Rauch, begelei deur Wouter van de Venter, Leon Ecroignard en Clinton Waring. **Burgersentrum.** 30 en 31 Maart en 1 April.

> Laurika Rauch toon nogeens dat klatergoud en oordaad nie die enigste pad na die Afrikaanse publiek se hart is nie

Darem maar lekker as 'n mens in die koel buik van die burgersentrum kan plaasneem en so half verwag om meegevoer te word. Des te meer 'n voorreg as selfs daardie hoë verwagting mildelik oortref word.

Laurika Rauch toon nogeens dat klatergoud en oordaad nie die enigste pad na die Afrikaanse publiek se hart is nie. Ware kunstenaarskap, haar heerlike stem en 'n nederige, onbevange kwaliteit-aanbieding verseker blywende genot en aanhang.

In hierdie produksie het Laurika ouer en nuwer nommers vermeng. Gunstelinge soos *Liza se klavier*, *Die gang* en *Nostalgie* word afgewissel met nuwelinge soos *Ou tante Koba* en 'n liedjie oor ene Krisjan Swart – treffers in wording, wil 'n mens met stelligheid beweer.

Die verhaal van die onderpresterende Swart-gesin en hul duiwe moet tel onder die snaaksste lirieke in Afrikaans. Pure plesier.

Wat maak hierdie vertoning 'n belewenis? Natuurlik is die musiek uitstaande, maar 'n mens kan dit seker net regtig hard tuis aansit as jy die blote klankervaring soek.

Laurika: Balkon se skamerige, onpretensieuse aanbieding gee jou straks 'n kort kykie in die wese van iemand wat haar musiek werklik geniet. Slim, vermaaklike teks en 'n keuse aan liedjies wat geen tam nommers insluit nie, hou die tempo hoog.

Spesifiek sonderling en mooi is die meewerking van Laurika en haar orkes, wat almal self baie goed saam met haar sing. Daar is 'n energie tussen hulle waarin die gehoor kortstondig en verrykend kan deel.

Die Bolanders sal seker aanvoer ou wyn in nuwe bottels deug nie, maar hulle het nog nie gehoor hoe die bekende Rauch-treffers herleef en deur die bank gedoriewaar verbeter word met nuwe verwerkings nie.

Dit was 'n baldadige massa wat *Stuur groete aan Mannetjies Roux* as toegif met golwende gejuig begroet het. Gepaste hulde aan 'n meester.

– Jan-Jan Joubert